Sondag, 6 September 2020
Koninkrykstyd
Biddag vir Gehoorgestremdes

Wie sê dat die Here God is – wie sy Naam eer – word ook aan mekaar verbind.

"Ons het gedink ons moet vir ons dié altaar bou, nie vir offers nie, maar as 'n getuie tussen ons en julle en tussen ons nageslagte, dat ons die diens aan die Here by sy heiligdom sal uitvoer met ons offers, en dat julle nageslag nie later vir ons s'n sal sê: 'Julle het nie 'n deel in die Here nie.' ... Die mense van Ruben en Gad het die altaar 'n naam gegee en gesê: 'Dit is die getuie tussen ons dat die Here God is."
(Josua 22:26-27 en 34)

In die vreemdheid wat die jaar 2020 vir ons geword het, en nou hier by die wisseling van die seisoen... sit baie van ons met die vraag: hoe kom ons hierdeur? Waar vind ons rigting in en deur en anderkant hierdie onsekere tyd vir skole, besighede, families, gemeenskappe en ons land?

Deur die verhale in die boek Josua te lees – uit 'n tyd vól onsekerheid en onstabiliteit – het ons ontdek: 'n weg vorentoe loop langs die woord(e) van God vir 'n gelukkige lewe; *"wees sterk en dapper in die uitvoering van die wet van Moses"* (Josua 1:7). Daarby, 'n weg vorentoe loop deur die ruimtes van God se teenwoordigheid; daar waar die verbondsark van *"die Here van die hele aarde"* voor ons uitgaan en rigtingwys (3:3-4, 11). Derdens, 'n weg vorentoe is te vinde in 'n gesprek met God, die deurlopende *"raadpleeg van die Here"* en sy Gees, die Gees van waarheid (Josua 9:14). Tussendeur hierdie rigtingwysers lees ons die voorbeelde van wyse keuses (soos dié van Ragab van Jerigo), dwase keuses (soos Agan by die stad Ai) en keuses van kompromie (soos met die Gibeoniete). Met uiteindelik die mededeling: *"Die oorlog was verby, die land het gerus"* (14:15). Die land is verdeel en elkeen kon na sy woonplek gaan...

Ook die families van Ruben, Gad en Manasse – húl grondgebied was anderkant die Jordaanrivier en dáárheen vertrek hulle mét Josua se seën en 'n herinnering om God lief te hê en volgens sy Woord te gaan leef (22:5-6). Maar oorval die onsekerheid hulle: sê nou net in die toekoms word hierdie rivier 'n diep grenslyn en word ons uitgesluit buite die genadekring van God – dat iemand sal sê: *"Julle het nie deel in die Here nie"* (22:27)? Dáárom bou hulle 'n altaar as teken: ons hoort by diegene wat die Here as God erken (22:22 en 34); ons is aan mekaar verbind. Nie omdat ons dieselfde afkoms, kultuur of geskiedenis deel nie, maar omdat ons die Naam van God eer – Gód weet dit; Hy deurgrond ons harte (22:23). Dáárvan getuig hierdie plek en teken: God is weerskante van ons grenslyne, die Here, en wie aan Hóm behoort, is ook aan mekaar verbind, die gemeenskap van die gelowiges – ons loop die pad vorentoe, sáám!

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die erediens is ook vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 13 September 09:30 – ds. Johan Marais.
Sondag, 20 September 09:30 – ds. Jan Lubbe.

Ons eredienste binne in die kerkgebou het hervat, maar volgens die inperkings-regulasies vir kerklike byeenkomste kan slegs 50 lidmate per keer die erediens bywoon. Vir volgende Sondag nooi ons lidmate uit **Wyke 8, 9, 11 en 12** na die erediens; dit is die areas noord en wes van die kerk (Dan Pienaar, Heuwelsig, Rayton en Groenvlei). Lidmate wat nie in die afgelope veertien dae positief getoets is vir Covid-19 of in kontak met so-iemand was nie, wat nie tipiese griepsimptome beleef of buitengewone moegheid of naarheid nie en wat nie ly aan ko-morbiditeite soos diabetes, bloeddruk of asma nie, mag die erediens bywoon. Indien u ouderdomsgewys in 'n kwesbare groep val (bó 60), moet u u bywoning versigtig oorweeg en eie verantwoordelikheid neem vir u veiligheid en gesondheid. Lidmate wat die erediens wil bywoon, moet vóór Vrydag, 11 September om 12:00 u naam en van sms of whatsapp na 073 180 3193 om u sitplek te "bespreek". 'n Covid 19-gesondheidsvorm sal aan u gestuur word om te voltooi en saam te bring na die erediens; onthou ook u masker en eie Bybel en Liedboek. Tydens die erediens en op die kerkterrein geld die voorsorgmaatreëls vir fisiese afstand tussen kerkgangers (1½ meter), handreiniging en die dra van 'n gesigsmasker.

LITURGIE

Intredelied: "Ek voel weer veilig by U, Heer" (Psalm 108)

Aansteek van wydingskers: Lize Loots (Matrikulant en verjaarsdagmaat, 10/9)

Votum en seëngroet

Loflied: "Loof God omdat Hy getrou is!" (Psalm 107:1 en 5)

Skriflesing: Josua 22:1-4, 9-10, 21-24, 26-28 en 34

Kinderverhaal / Bediening van die doop aan Mea Linde

Gebedslied: "Ons Vader, neem ons hande en maak ons één" (Lied 532)

Prediking

Toewyding: "Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou" (Lied 532:3)

Gesamentlike gebed: "Here, U is ons God..."

Slotlied: "Op vaste fondamente het God sy kerk gebou" (Lied 478)

Seënbede

Orrelnaspel: "My enigste troos in lewe en dood" (Lied 292)

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan ‘n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur ‘n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan soos aan die einde van *Fokus*. Dit hou ons eredienste en ander werksaamhede in stand; help met noodleniging in hierdie tyd; en betaal ons ook elke Sondag ‘n bedrag van R 1 000 oor aan die betrokke instansie soos op ons program vir deurkollektes aangedui sodat hulle werk kan voortgaan. Vandag, 6 September, is die deurkollekte vir die Fonds vir Dowes. Dankie vir jou bydrae en gebed.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

06 Sep	Angelique du Preez.
07 Sep	Martie Nel en Claudia Janse v Rensburg.
08 Sep	Pearl v/d Bergh, Hanneke Lubbe, Justus Rabie, Lindi Grobler en Jan-Daniël Adendorff.
09 Sep	Dawie Keyser, Elizma v/d Walt en Levi von Wielligh.
10 Sep	Jan Venter, Benita Hancke, Meliza Grimbeek, Hannetjie Dippenaar, Gerhard Adendorff, Jaco Buys, Lize Loots en Johan Du Raan.
12 Sep	Danie Rossouw, Jaco Engelbrecht, Karin Harris, Marnus Boshoff en Teresa Zietsman.

Ons hartlike gelukwense aan die doopouers en familie van klein Mea Linde vanoggend; Manie en Carmen (Morganstr. 15, wyk 6a) – mag die Here julle as jong gesin seën. So-ook aan Cassie en Lientjie du Plessis (Eddie de Beerstr. 19, wyk 8a), met die geboorte van hul eerste kleinkind in die Kaap!

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie René v/d Walt (Siësta, wyk 10); Tannie Mietzie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a); Oom Hans Koorts (Serenitas 11, wyk 15a) en Beatrice Carshagen (wyk 12). Ons dink steeds aan lidmate wat met die beproewinge van Covid-19 moet leef, hetsy gesondheidsgewys of in jul familiekring of werkplek of finansieël of in jou gemoedstoestand; ook in besonder vir dokters en verpleegpersoneel in ons stad – mag julle daagliks krag ontvang.

As gemeente en gemeenskap leef ons ook mee met Siësta Tehuis vir Bejaardes en alle inwoners en personeel; ons bid vir ‘n goeie uitkoms en die veilige versorging van almal daar betrokke. Ons dink aan bejaardes in ander tehuise in dié tyd van afsondering.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep lees tans die **Profeet Jona** – almal welkom. ‘n Werksbladsy en kort inleiding word per whatsapp aangestuur vir jou stiltetyd. As jy hierby wil inskakel, stuur ‘n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyke 7 (Blok tussen kerkgebou, Preller- en Emily Hobhouse-pleine) **en 8** (Blok noord van Emily Hobhouse-plein) is Septembermaand verantwoordelik vir ons gasvryheid, sorg en omgee. Baie dankie aan Erika Weyers vir die pragtige blomme vir vanoggend se erediens! Indien u betrokke wil raak, kontak vir Rita van Zyl, ons kantoorbestuurder – dankie.

Heropening van Kerkkantoor:

Maandae, 09:00-12:00	Rita van Zyl
Vrydae, 09:00-12:00	Adri van den Berg

Alle personeellede is deurgaans op hul selfone of per epos bereikbaar.

BEDIENINGE

JEUGBEDIENING
Kategese:
Ons kategese hervat vanoggend vir die tieners/hoërskool (Grade 8 tot 11), en volgende Sondag kry die laerskoolkinders 'n beurt (Grade 1 tot 7). Kategete tref die reëlings in whatsappgroepe met ouers en/of kinders.

Belydenisgroep Huis Eie Haard:
Die Belydenisgroep onder leiding van ds. Jan vertrek eerskomende Vrydag, 11 September, vir hul jaarlikse kamp na Menuha en keer Sondagmiddag terug. Mag dit vir elke katkisant 'n geseënde belewenis buite in die natuur en teenwoordigheid van God wees.

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Siësta Tehuis vir Bejaardes: Indien u 'n bydrae wil maak ter verligting van nood by Siësta, kontak Hannah Geyser (084-767-2817) of ds. Jan (082-784-9362).
Gladstoneweg Jeugsorgsentrum: Behoeftes aan klere, kruideniers en huiswerkhulp bestaan by die kinders – indien u kan help, kontak Helene Engelbrecht 082-777-3575.
Tweeliters vir Tweetoringkerk: Indien u leë 2-liter plastiekbottels het (bv. koeldrank- of melkhouers) – Tweetoringkerk gebruik dit by hul sopkombuis; bring dit na Berg-en-Dal en sit dit deur die heining by die binnehof; ons sal dit gaan aflewer.

NG Kerk Berg-en-Dal
ABSA
Tjekrekening 470-580-011

SnapScan

Op berge en in dale,
oral voor Gods aangesig.